Werkkaarte

Kwartaal 1

Week 1 en 2: SPELLING (klankgrepe, lettergrepe, klem, spelreëls en skryftekens)

Skryf die volgende woorde se klankgrepe en lettergrepe neer:

Woord	Klankgreep	Lettergreep
Karre		
Verbreek		
Haas		

Onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra in die volgende woorde:

1. minister
2. lelik
3. woestyn
4. sirkel
5. gesiggie

Deel die volgende woorde in lettergrepe op en dui aan of dit ’n oop- of ’n geslote lettergreep is.

Wenk: ’n oop lettergreep eindig op ’n vokaal / klinker en ’n geslote lettergreep eindig op ’n konsonant / medeklinker.

Byvoorbeeld:

fotograaf: f**o** (oop) t**o** (oop) graa**f** (geslote)

minister _____

saboteur _____

Plaas deeltekens op die volgende woorde *waar nodig*:

Wenk: Nie al die woorde kry deeltekens nie.

beindruk, vroeer, bedrieer, finansieel, koordinasie, gereeld.

Plaas kappies op die volgende woorde *waar nodig*:

Wenk: Nie al die woorde kry kappies nie.

affere, vlermuis, kers, wereld, more.

Skryf die meervoude van die volgende woorde neer. Let op die gebruik van die afkappingsteken.

1. kombi _____
2. ouma _____
3. foto _____
4. sofa _____
5. skadu _____
6. padda _____
7. pa _____

Waarvoor staan die volgende afkortings?

1. asb. _____
2. antw. _____
3. bl. _____
4. mevv. _____
5. vgl. _____
6. vlg. _____

Onderstreep die korrekte spelwyse in die volgende sinne:

Die gevangenis / gevangenes se mure is hoog gebou en is geëlektrifiseer / elektriefiseer.

Die gevangenis / gevangenes in die tronk word goed opgepas.

Ons het gistraand / gisteraand lekker nagereg gehaat / gehad om te eet.

Rudi het onmidellik / onmiddellik na die telefoon /tellefoon gehardloop om sy vriend te bel.

Dit was ’n interessante / intressante praatjie oor vlooie / flooie.

Hy het aangehou tot die einde, hy het baie deursettingsvermoë / deursettingsvermoeë.

Week 3 en 4: SPELLING (los- en vasskryf van woorde, wisselvorme, leestekens en hoofletters)

Wisselvorme is woorde wat albei reg is om te gebruik.

Ver en *vêr* is albei reg en dus wisselvorme.

Skryf die wisselvorme neer van:

1. skreeu _____
2. ertappel _____
3. restaurant _____
4. ghitaar _____
5. more _____

Skryf die volgende sinne oor en maak die hoofletters reg:

1. hy het aan santie gesê dat hy die juffrou moet gaan help.

   _____

2. corné het sy pa gevra of hy by gert in johannesburg kan gaan slaap.

   _____

3. thomas het gevra: sal pa asseblief ja sê, want ons wil met binnebande in die nelsrivier gaan swem.

   _____

4. my kat se naam is spikkels en my krimpvarkie se naam is vroudou.

   _____

5. ons ry die eerste saterdag in desember met die gautrein.

Skryf die volgende sinne oor en gebruik gepaste leestekens en hoofletters. Dui die leestekens in ’n helder kleur pen aan.

1. nadat ons mekaar met modder besmeer het het ons in die rivier gaan swem

   _____

2. jacques skreeu eina jy trap op my toon

   _____

3. wanneer gaan jy leer om toemond te kou

   _____

4. annelie sê ek is lief vir my land suid afrika

   _____

Gee die afkorting van die volgende woorde:

antwoord _____

bogenoemde _____

dominee _____

dominees _____

dit is _____

dit wil sê _____

hoofletter _____

hoofstuk _____

junior _____

met ander woorde _____

televisie _____

van links na regs _____

woordeboek _____

Week 5 en 6: KLANKLEER (vokale, konsonante, diftonge)

Lees die volgende lawwe versie van Philip de Vos en onderstreep al die diftonge wat daarin voorkom:

’n Luislang

in die bed

is wrintiewaar

g’n pret.

Voor jy weet

dan druk hy jou;

een twee drie

dan sluk hy jou:

pen en pootjies

vel en been –

nog ’n outjie

daarmee heen.

Geneem uit *Mallemeuleman* deur Philip de Vos.

Week 7 en 8: KLANKLEER (klankverskynsels: ronding, assimilasie)

Dui die ronding van die lippe in die volgende aan. Teken die lippe bo die woord om jou te help.

Wanneer die woord *seun* uitgespreek word as *seen* is dit _____

Wanneer die woord *seën* uitgespreek word as *seun* is dit _____

Wanneer die woord *neef* uitgespreek word as *neuf* is dit _____

Wanneer die woord *muur* (gebou) uitgespreek word as *mier* is _____

Wanneer die woord *miertjie* (dier) uitgespreek word as *muurtjie* is dit _____

Verduidelik die uitspraak by die volgende woorde en benoem die klankverskynsel:

in die _____

kinders _____

onder _____

op die _____

Skryf vier klanknabootsende woorde neer:

_____

_____

_____

_____

Week 9 en 10: WOORDBOU (stam en basis, morfeme (pre- en post-) en klinkerwisseling)

Voorvoegsels kan ook betekenis hê. Skryf die betekenisse van die volgende voorvoegsels neer:

On- in die woord *oneerlik* beteken _____

Her- in die woord *herleef* beteken _____

Wan- in die woord *wanbestuur* beteken _____

Mis- in die woord *misvorm* beteken _____

Tele- in die woord *televisie* beteken _____

Vorm persoonsname van die volgende woorde:

Luister _____

Winkel _____

Masjien_____

Kritiek _____

Lomp _____

Pensioen_____

Bedrieg _____

Leuen _____

Gebruik klinkerwisseling om die korrekte woord tussen hakies te gee:

Die (ruik) _____ van die braaivleis hang in die lug.

Die skut het ’n (skiet) _____ in die lug geskiet.

Hy sluit die kas deur die (sluit) _____ te draai.

Dit was ’n reuse (spring) _____ wat die verspringatleet gemaak het.

Die (bind) _____ wat daar tussen die twee meisie is, is sterk.

Kwartaal 2

Week 1 en 2: WOORDBOU (verbindingsklanke, kompleks en simpleks, afleidings, samestellings en samestellende afleidings, bepaler en kern)

Verbind die volgende woorde deur van ’n verbindingsklank gebruik te maak:

perd + stert = _____

kind + boek = _____

eet + tyd = _____

kat + kwaad = _____

Skryf neer of die volgende woorde ’n *afleiding* (basis plus ’n voegsel), ’n *samestelling* (twee basisse) of ’n *samestellende afleiding* (twee of meer basisse plus voegsels) is:

houtkruis _____

verhuis _____

verjaar _____

broeksak _____

standvastigheid _____

Dui telkens die *bepaler* en die *kern* van die volgende woorde aan:

rugsak

*bepaler:*_____

kern: _____

hondehok

*bepaler:*_____

kern: _____

patatrank

*bepaler:*_____

kern: _____

Week 3 en 4: TAALVERSKYNSELS (klanknabootsing, woordoortolligheid, stapelvorme) en LEENWOORDE

Uit watter taal is die volgende woorde ontleen? Trek ’n streep tot by die regte taal.

eisbein	Engels
aitsa	Zoeloe
poetoepap	Frans
rugby	Japannees
garage	Duits
alibi	Khoitaal
bonsai	Italiaans
jacuzzi	Latyn

Watter taalverskynsels kom in die woorde in kolom 1 voor? Kies uit die volgende en skryf in die blokkie:

klanknabootsing, woordoortolligheid, stapelvorm

hy loop te voet	
brakhond	
klap-klappie	
kabeltou	
zoem	
die weduwee wie se man dood is	
dit is gratis en verniet	

Week 5 en 6: BETEKENISLEER (sinonieme, antonieme, homonieme, homofone en een woord vir ...)

Skryf die antonieme (teenoorgestelde betekenisse) van die woorde neer:

opgewek	
nederig	
orde	
dronk	
versigtig	
gelukkig	
wins	
dowwe	
heldhaftig	
interessant	

Skryf die sinonieme (woorde met min of meer dieselfde betekenis) neer:

gratis	
grappig	
ongeskik	
hartseer	
nors	
briesend	
foutief	
ratelbek	
gelukkig	
mooi	

Kies die antwoord uit kolom B wat by die beskrywing in die kolom A pas en skryf die korrekte nommer by "Jou antwoord".

Voorbeeld: 'n Groep mense wat saam musiek speel is 'n orkes.

	KOLOM A		**KOLOM B**
Jou antwoord:	Beskrywing:		Een woord:
7	'n Groep mense wat saam musiek speel.	1.	Patriot
	'n Pragtige tuin	2.	Klant
	'n Baan vir vinnige verkeer	3.	Poenskop
	Hy rig toneelstukke af	4.	Lomperd
	'n Bees sonder horings	5.	Bittereinder
	Hy hou aan tot die heel einde	6.	Regisseur
	Hy is baie lief vir sy vaderland	7.	Orkes
	Iemand wat by 'n winkel koop	8.	Snelweg
	Iemand wat oor alles val	9.	Lushof

Kies die korrekte homofoon en onderstreep dit:

Ons het in die vlei / vly tussen die riete gespeel.

Ek vlei / vly die meisie en sê sy is pragtig.

Die meisie vly / vlei haar op die gras neer.

Die man met die baie karre is ryk / reik.

Hy ryk / reik my die hand van vriendskap.

Ons eet reis / rys saam met vleis vir aandete.

Ons reis / rys deur die land.

Die meisie wat gereed in die gimnasium boer, se lyfie is viets / fiets.

Ek ry met my fiets / viets deur die strate

Hy leun / leuen teen die muur.

Hy vertel 'n leun / leuen om uit die moeilikheid te kom.

Maak twee sinne met die volgende homonieme sodat die twee betekenisse daarvan duidelik is.

Voorbeeld:

Ek het ’n **prys** gewen in ’n kompetisie.

Die onderwyser **prys** die soet leerder.

1. pos en pos

_____

_____

_____

_____

_____

2. leer en leer

_____

_____

_____

_____

_____

3. vlei en vlei

_____

_____

_____

_____

_____

Week 7 en 8: BETEKENISLEER (idiome wat rym, idiome van algemene aard, idiomatiese benaminge)

Voltooi die volgende idiomatiese vergelykings:

So taai soos ’n _____

So mak soos ’n _____

So siek soos ’n _____

Hy lieg soos ’n _____

So bang soos _____

Voltooi die volgende idiomatiese vergelykings en intensiewe vorme:

Hy is so doof soos ’n _____, maar ons praat van hy is _____doof.

Dit is so swart soos die _____, maar ons praat van iets is _____swart.

Dit is so droog soos _____, maar ons praat van _____droog.

Hy is so blind soos ’n _____, maar ons praat van _____blind.

Die nat stoep is so glad soos ’n _____, maar ons praat van _____glad.

Dit is so hard soos _____, maar ons praat van _____hard.

Die hond is so lelik soos die _____, maar ons praat van _____lelik

Die man is so vet soos ’n _____, maar ons praat van _____vet.

Sy is so mak soos ’n _____, maar ons praat van _____mak.

In die onderstaande prentjies word idiome letterlik uitgebeeld. Skryf die idioom en sy betekenis neer:

1

2

3

4

5



6

7

8

9

10

Kwartaal 3

Week 1 en 2: WOORDSOORTE (s.nw., b.nw., ww., vnw.)

Voltooi die volgende selfstandige naamwoorde se enkelvoud, meervoud en verkleinings:

Enkelvoud	Meervoud	Verkleining
pad		
ring		
koning		
lewe		
skilpad		
loergat		
houtvat		
foto		
oupa		
bad		
baadjie		

Voltooi die volgende selfstandige naamwoorde deur die telkens die teenoorgestelde geslag te gee:

Manlik	Vroulik
spreker	
	redaktrise
bruidegom	
	oumagrootjie
dokter	

Voltooi die volgende selfstandige naamwoorde deur die teenoorgestelde geslag van diere aan te dui:

Manlik	Vroulik
rooibokram	
	olifantkoei
tiermannetjie	
	kapokhennetjie
varkbeer	

Voltooi die trappe van vergelyking van die byvoeglike naamwoorde:

Stellende	Vergrotende	Oortreffende
lank		
	minder	
	nader	
kosbaar		
	sluwer	
		die vinnigste
boos		
	beter	
kwaad		die kwaadste
tevrede		

Voltooi die intensiewe vorme:

Baie moeg is _____

Baie doof is _____

Baie mooi is _____

Baie klein is _____

Baie swak is _____

Baie sout is _____

Baie dronk is _____

Baie duur is _____

Baie dik is _____

Baie lewendig is _____

Baie goedkoop is _____

Gebruik een van die voornaamwoorde in onderstaande raampie om elke sin mee te voltooi:

met wie, wat, waarmee, waarop, waarvan, waarsonder, waarlangs

Daar loop die man _____ ek die onderonsie gehad het.

Hierdie is die sonbril _____ ek nooit op die strand verskyn nie.

Dit is die pad _____ jy moet loop as jy vinnig by die winkel wil kom.

Dit is die ou _____ al die leuens versprei het.

Die perd _____ sy gery het, het in die sloot geval.

Hierdie is die kwaai onderwyser _____ ek jou vertel het.

Dit is die geweer _____ die jagter die leeu geskiet het.

Skeibare en onskeibare werkwoorde

Die deel van die woord waarop die klem val, bepaal die betekenis van die woord.

óórlaai: Die werkers **laai** die vrag suiker **oor** op die vervoerband.

oorláái: Ons word **oorlaai** met huiswerk.

Die eerste is **skeibaar** en die tweede **onskeibaar**.

Maak ’n sin met elk van die volgende:

óórweeg:

_____

_____

oorwéég:

_____

_____

óórval:

_____

_____

oorvál:

_____

_____

Week 3 en 4: WOORDSOORTE (bywoord, telwoord, lidwoord, voorsetsel, voegwoorde, tussenwerpsel)

Voegwoorde

Voltooi die volgende sinne:

Die man is baie onbeskof, daarom _____

Nadat dit gereën het _____

Die meisie hardloop asof _____

Die onderwyser sal jou help, mits _____

Hy sal dit doen, want _____

Maak sinne met die volgende voegwoorde:

aangesien

_____

_____

terwyl

_____

_____

nietemin

_____

_____

daarenteen

_____

_____

nogtans

_____

_____

Skryf die woorde in die onderstaande blokkie by die woordsoort waar dit hoort:

vorentoe, omdat, vyftigste, deur, aangesien, ’n, op, dikwels, eina, die, twintig, aitsa, selde, tien, in, terwyl

Bywoorde:	Telwoorde:
Lidwoorde:	Voorsetsels:
Voegwoorde:	Tussenwerpsels:

Voltooi die volgende voorsetsels:

Dit is _____ danke _____ haar dat ek die toets deurgekom het.

Hy spring _____ die swembad _____

My ma is bekommerd _____ hom.

Ek leun _____ die muur met my skouer.

Ek moet _____ die waarheid kom.

Ek verkies roomys _____ lekkers, want dit is lekker koud _____ die somer.

Hy het _____ opset op sy boetie se toon getrap.

Jasper het sy spanmaats _____ die skande gesteek toe hy nie opdaag _____ die wedstryd nie.

Lana het _____ wille _____ haar vriendin ook by die huis gebly.

Met verloop _____ tyd sal hy haar vergewe.

Johan is _____ gunste _____ die nuwe rugbytruie.

Die swemmers het _____ leiding _____ die nuwe afrigter goed presteer.

Sy is baie bekommerd _____ haar siek sussie wat longontsteking het.

Die meisie lag _____ haar mou oor die seuns wat _____ ’n koue pampoen geskrik het.

Hy is baie _____ sy skik omdat hy die rekord verbeter het.

Week 5 en 6: DEELWOORDE (teenswoordige en verlede deelwoorde)

Vorm teenwoordige deelwoorde van die woorde tussen hakies:

(brand) _____ huis

(eet) _____ kinders

(loop) _____ water

(blaf) _____ honde

(fladder) _____ voëls

(sprankel) _____ persoonlikheid

(veg) _____ soldate

Vorm swak verlede deelwoorde van die woorde tussen hakies:

(gekerf) _____ biltong

(gebreek) _____ koppie

(gevleg) _____ hare

Vervang die woorde tussen hakies met ’n deelwoord:

Ons eet elke aand (wat gekook is) _____ kos wat baie voedsaam is.

Ons sit om die (wat knetter) _____ vuur en vertel stories.

Die bloemis gooi die (wat verlep is) _____ blomme weg.

Die (wat gebreek is) _____ glas se skerwe lê op die vloer.

Die (wat opgewen is) _____ skare skreeu vir die rugbyspeler wat oor die doellyn duik.

Vorm sterk verlede deelwoorde van die woorde tussen hakies:

(bederf) _____ kind

(gebuig) _____ hoofde

Week 7 en 8: SINSLEER (sinsuitbreiding en -reduksie, soorte sinne)

Benoem die volgende sinne. Kies uit die volgende:

stelsin, vraagsin, uitroepsin, bevelsin

Wanneer gaan ons fliek? _____

Eina! Ek het my toon gestamp! _____

Jy moet nou dadelik jou kamer gaan opruim. _____

Pippa sit en eet haar toebroodjies. _____

Vervang die bysin tussen hakies met *een* woord:

Hulle stap (asof hulle baie tyd het) _____deur die inkopiesentrum.

Hulle lag (asof hulle nooit gaan ophou nie) _____.

Die seun werk (as dit dag is) _____in die tuin.

(As dit nag is) _____skyn die sterre helder.

Die (waarvoor ’n mens lag) _____storie het ons laat skater.

Brei die vetgedrukte woord uit deur ’n byvoeglike bepaling:

Die **man** gesels met die **meisie**.

_____

Die **jagter** skiet die **bok**.

_____

Die **huis** is op die **berg** gebou.

_____

Brei die volgende uit deur die sin te voltooi:

Die meisie is ongelukkig omdat _____

Die voëltjie vlieg na die boomtop, want _____

Week 9 en 10: SINSLEER (enkelvoudige en saamgestelde sin)

Onderstreep die bysinne in die volgende sinne:

Die hond byt my boud terwyl ek die kat voer.

Ons huis staan daar naby waar die twee rivier in mekaar vloei.

Hy sit op die perd wat sopas die wedren gewen het.

Katie gee haar toebroodjies vir haar maat omdat sy mededeelsaam is.

Gerhard het, nadat hy geswem het, sy nat kostuum uitgetrek.

Skryf langs die volgende sinne of dit enkelvoudige of saamgestelde sinne is:

Die man met die weglêsnor loop op die strand. _____

Nadat hy geëet het, het hy gaan slaap. _____

Hy hardloop om die baan want hy wil fiks word. _____

Die vriendelike meisie groet al die kinders op pad skool toe. _____

Kwartaal 4

Week 1 en 2: SINSLEER (direkte en indirekte rede, lydende en bedrywende vorm)

Skryf die volgende sinne in die indirekte rede:

Jorrie sê: “Julle moet vandag vinnig hardloop om by die snoepie uit te kom.”

_____

_____

Magriet roep: “Sal julle asseblief môre vir ons lekkers skool toe bring?”

_____

_____

Skryf die volgende sinne oor in die direkte rede (asof dit die persoon se direkte woorde is):

Dirk het gevra of hulle die meisies in die swembad moet gooi.

_____

_____

Hendrik vra die juffrou of dit reg is as hulle die huiswerk eers vir die volgende dag doen.

_____

_____

Die volgende sinne is in die bedrywende vorm. Skryf dit oor in die lydende vorm. Begin jou sin met die onderstreepte woord.

Die man met die bleskop eet **die appel**.

_____

_____

Die vroutjie het **die bal** in die water gegooi.

_____

_____

Die perd sal **die lekker** hap as jy dit voor sy mond hou.

_____

_____

Week 3 en 4: TYDSVORME

In watter tyd is die volgende sinne geskryf? Skryf die tyd langs elke sin neer.

Paul het die fiets teen die muur gegooi. _____

Kasper gaan môre die wedloop wen. _____

Ons is besig om te eet. _____

Skryf die volgende sin oor in die *verlede tyd*:

Chris sit en slaap op die bank.

_____

_____

Skryf die volgende sin oor in die *toekomende tyd*:

Gerhard het vir die hond ’n been gegee.

_____

_____

Skryf die volgende sin oor in die **teenwoordige tyd**:

Charl sal in die swembad spring.

_____

_____

Week 5 en 6: ONTKENNING

Skryf die volgende sinne oor in die negatief:

Ek sal altyd my huiswerk doen.

_____

_____

Ek het nog broodjies om te eet.

_____

_____

Ek sal vir iemand vra om dit te doen.

_____

_____

Kom ons gaan êrens heen.

_____

_____

Het hy dit al ooit vir jou gesê?

_____

_____

Ek het al iets vir oumense gedoen.

_____

_____

Ons het alreeds die fliek gesien.

_____

_____

Ek hou baie van roomys.

_____

_____

Ander oefeninge

Gee die Afrikaans vir die volgende Engelse woorde:

lap-top _____

computer _____

e-mail _____

hard drive _____

icon _____

print out _____

spell checker _____

user friendly _____

Gee persoonsname vir ...

'n Persoon wat nie in 'n God glo nie, is 'n _____

'n Persoon wat baie lees, noem ons 'n _____

Iemand wat die land binnekom om hom hier te vestig, noem ons 'n

_____

Iemand wat die land verlaat om hom in 'n ander land permanent te vestig, noem ons 'n

_____

'n Persoon wat alleen en eenkant woon, noem ons 'n _____

'n Persoon wat 'n ander vergesel noem ons 'n _____

Iemand wat op ander teer, noem ons 'n _____

Iemand wat baie waag, noem ons 'n _____

Iemand wat nie openlik kant kies nie, is 'n _____

Iemand wat teen oorlog gekant is en vrede voorstaan, noem ons 'n _____

'n Lastige persoon word so genoem _____

'n Persoon wat in die plek van ander optree, is 'n _____

Iemand wat banke met lap oortrek, is 'n _____